# Die betekenis van die meerdere vergaderinge ten opsigte van hulle gesag, funksie en handelinge in die kerk

AD Pont

## 1. INLEIDENDE OPMERKING

Die vraag na *die betekenis* van die meerdere vergaderings veral met die oog op hulle *gesag, funksie* en *handelinge* is, so ver vasgestel kon word, nog nie eerder in ons kerk gestel of behandel nie. Hier en daar was daar wel sydelingse opmerkings in hierdie verband, veral van die kant van prof dr SP Engelbrecht[1]. Dié opmerkings was egter nie van besondere hulp vir die beantwoording van hierdie vrae nie.

Die antwoorde wat op hierdie vraag gegee kan word, kan nogal verskillend wees juis omdat dit berus op die vraag hoe die gesag, die amp en die struktuur van die kerk gesien en verstaan word. Juis hier ontstaan daar 'n probleem vanweë die feit dat in ons Kerk enersyds die presbiteriaal-sinodale tradisie van die jare 1568–1619 nog lewend is en dit dan veral deur middel van die beginsel-uitsprake van die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Heidelbergse Kategismus en die Christologie en ekklesiologie wat daarin vervat is. Andersyds word ons kerklike denke bepaal deur die kerkordenende denke soos dit in Nederland ontwikkel het in die 19de eeu na die aanvaarding van die Algemene Reglement van 1816. Daardie kerkordende denke vertoon, terloops, één belangrike tekortkoming en wel in dié sin dat die organiese verband tussen die Christologie en die ekklesiologie losgelaat is en dit dan veral vanweë die verskraalde Christologie van die verligte 19de-eeuse teoloë en kerkleiers. Ons kerkregtelike tradisie en kerkordenende denke van 1862/1869 tot 1950 word dikwels deur daardie denke bepaal en dit het ook al normaal geword om enige afwysing daarvan summier af te skryf as 'n poging om die Doleansiekerkreg van dr Abraham Kuyper, soos dit na 1885 ontwikkel het, hier by ons in te voer. Die verdediging van ons kerkregtelike tradisie en kerkordenende denke vanaf 1862/1869 teenoor die Doleansie-kerkreg het meegebring dat die kennis van die oorspronklike Calvinistiese ekklesiologie en kerkreg in ons kerklike kringe maar vaag is en grotendeels volgens die beginsels van die 19de eeuse Ndl[e] kerklike denke uitgelê word. Dié hele situasie is nogal gekompliseerd deur die feit dat in 1951 die destydse nuwe Nederlandse kerkorde, wat 'n samevatting is van die Hoedemaker – Van

Ruler – Noordmans-denke op kerkregtelike gebied, byna netso oorgeneem is as ons Kerkwet van 1951. Die oorname sonder uitvoerige beredenering of die Nederlandse orde en denke inderdaad inpas by ons kerkregtelike verlede en of dit 'n presiese omskrywing is van hoe die kerklike struktuur in ons kerk verstaan is, het meegebring dat vanaf 1951 nog steeds aan ons Kerkwet geskaaf en verander moes word. Daarby kom dat dit nogal voorkom dat die kerklike orde en kerkordenende maatreëls *nié* gesien word as 'n saak wat in 'n direkte verband met die ekklesiologie en Christologie van die Belydenisskrifte (= die amptelike teologie van die kerk) staan nie. Die formele stukke wat dus gebruik moet word om hierdie vraag te beantwoord, kom uit verskillende kerkregtelike èn teologiese tradisies en daarom is dit ook so moeilik om presiese formulerings te gee as antwoord op die vraag na die *gesag, funksie* en *handelinge* van die meerdere vergaderings. Daarby is dit in ons kerklike lewe ook nog lank nie uitgemaak òf ons byvoorbeeld voorkeur gee aan die Calvinistiese presbiteriaal-sinodale struktuur en of ons die rasionele verligtingsteologie se sinodale struktuur, soos dit tot 1950 gefunksioneer het, verkies nie. Juis dit maak die beantwoording van die bogenoemde vraag so moeilik.

Om die vraag te kan beantwoord, word hier gebruik gemaak van die basiese omskrywings soos dit binne die Calvinistiese presbiteriaal-sinodale kerkregtelike tradisie gegee word. Dit is waarskynlik dat dit, hier en daar sal herinner aan die 19de-eeuse Doleansiekerkreg en dat dit dáárom onaanvaarbaar geag sal word. Dit is egter nie moontlik om binne die bestek van hierdie uiteensetting ook nog die moontlike gebrek aan kennis en oordeelsvermoë tegemoet te kom nie. Tog sal getrag word om die standpunt wat ingeneem word, te motiveer. Die uitgangspunt is dus die Belydenisskrifte van die kerk en die ekklesiologie wat daarin voorkom èn die uitwerking daarvan in die praktyk soos dit gevind word in die beginsels wat neergelê word in die presbiteriaal-sinodale sisteem in Nederland in die jare 1568–1619.

## 2. DIE CALVINISTIESE KERKREGTELIKE EN KERKORDELIKE TRADISIE

As daar gelet word op die ekklesiologie soos dit in die belangrikste Calvinistiese Belydenisskrifte (tw Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus, Kategismus van Genève, Franse Geloofsbelydenis, Skotse Geloofsbelydenis en die Tweede Switserse Geloofsbelydenis) na vore kom, dan kan die volgende vyf hoofpunte van die Calvinistiese ekklesiologie daaruit afgelees word. Dit is dan:

(i) Die inhoudelike verbondenheid van die ekklesiologie met die uitverkiesingsleer èn die Christologie;
(ii) die verbondenheid met die leer oor die Woord van God en die Heilige Gees;
(iii) die verband sowel met die ou verbond as die eskatologie;
(iv) 'n duidelike omskrywing van die kenmerke van die kerk en 'n afgrensing ten opsigte van die valse kerk;
(v) die kerklike ordening (of struktuur) as 'n noodwendige onderdeel van die ekklesiologie.

Hieruit word dit duidelik dat die kerklike orde, die uiterlike organisasievorm van die kerk nie sommer in die lug hang of 'n willekeurige aangeleentheid is nie, maar ten nouste saamhang met die Bybels-verantwoorde reformatoriese leer van die kerk.

In hierdie studie gaan dit egter in hoofsaak oor *die gesag* in en van die kerk en daarmee saam, met die grondslae van die kerklike orde. Hier moet met klem gestel word dat *die enigste gesag oor en in die kerk* aan Jesus Christus toekom, die Hoof en Heer van die kerk[2]. Alle menslike optrede en bedrywighede binne die ruimte van die kerk het alléén 'n bestaansmoontlikheid vir sover dit in diens van die enige gesag van Jesus Christus staan[3]. Die gesag in die kerk word 'n werklikheid deur die koms en teenwoordigheid van die Heilige Gees deur middel van die verkondigde Woord wat op sy beurt weer 'n direkte verband het met die gesag van die geskrewe Woord van God soos dit in die Heilige Skrifte vervat is[4]. Die sakramente bevestig en verseël verder die gesag van Jesus Christus in sy gemeente.

Vanuit hierdie gesigspunt is dit duidelik dat die gesag in die kerk *nié* hiërargies of demokraties is nie en verder, dat dit elke vorm van wanorde of menslike willekeur in die kerk verwerp. Die kerklike ordening word, so gesien, bepaal deur die Christologie en die kerk self is, in die dinamiese sin van die woord, 'n *creatura Verbi* wat voortdurend afhanklik is van die genade van God[5]. Daarom moet die orde van die kerk 'n direkte veband met die ekklesiologie (= die Woord van God) vertoon, want die kerklike orde kan en wil niks ànders wees nie as *'n gehoorsaamheidsorde* nie, dit wil sê gehoorsaamheid aan die verkondigde Woord[6], en gehoorsaamheid aan Jesus Christus, die Hoof en Heer van die kerk[7]. Dit is in hierdie sin wat die *disciplina* in die reformatoriese geloofsbelydenisse as 'n derde *nota ecclesiae* genoem word[8]. Die *disciplina* word, uit die aard van die saak deur die Woord alléén bepaal en daarom is dit gehoorsaamheid en onderwerping aan Jesus Christus[9]. Die gesag in en van die kerk is dus ten nouste verbonde met die *disciplina* en dáárom moet die gesag in die kerk altyd as dinamies en funksioneel verstaan word en kan dit nie as 'n statiese, persoonlike of monargale gesag beskou word nie[10]. Die gesag in die kerk, *alle gesag dus,* ontvang sy

aanspraak op gehoorsaamheid van die werklikheid van die lewende Woord van God in die gemeente èn kerk en nie in die eerste plek vanuit die juridiese formulering en omskrywing in die kerklike orde waar bepaalde diensopdragte aan die ampte en vergaderings van die ampte toegesê word nie.

Hierdie gesagsopvatting in die kerk het meegebring dat in die Calvinistiese kerke voortdurend gestel is dat daar net één gesagsdraer in die kerk is naamlik Jesus Christus, die Hoof en Heer van die kerk. Sy gesag mag nêrens in die kerk deur mense verdring word nie, soos dit by Rome die geval was nie[11]. Sy gesag oefen Christus direk uit deur sy Woord en Gees en indirek deur mense wat Hy *tot die dienwerk* van die amp roep. Die gesag van die amp is so gesien, altyd *afgeleide gesag* en die amp hèt alleen gesag in so verre dit in naam van Christus en in gehoorsaamheid aan sy Woord uitgeoefen word. Die gesag van die amp is dus netsoos die amp self suiwer funksioneel[12]. Die Calvinistiese hervorming het vir die instelling en strukturering van die amp veral die oorwegend Pauliniese model, soos dit in die vroeë gemeentes gefunksioneer het, gebruik[13].

Die presbiterale amp wat leiding in die plaaslike gemeente gee, word die basis vir die ontwikkeling van die presbiteriaal-sinodale kerklike orde vir die regering en gesagsuitoefening op streeks- en nasionale vlak[14]. So word die amp met sý gesag- en regeeropdrag in diens van Christus die basis waarop die meerdere vergadering in die presbiteriaal-sinodale orde gebou word. Dit hang saam met die standpunt van die Calvinistiese kerke dat die amp nie net die amp van één gemeente is en kan wees nie, maar van die hele kerk. Daarom kan die amp-in-vergadering die hele kerk regeer[15]. Vir dié rede handel die Nederlandse Calvinistiese kerkordes vanaf 1568–1619 dan ook éérs oor die amp en dán, om 'n nuwe biskoplikmonargale kerkregering af te weer, word die bekende anti-hiërargiese klousule in die kerklike orde ingevoeg en bepaal dat die amp alleen in vergadering, *gesamentlik* regeer. Daarby word dan bepaal dat die grense van die regeerbevoegdheid van amp én vergadering die Woord van God is[16]. So word dan ook duidelik gestel dat *die geloof* nie die "besit" van die amp is nie maar deur God aan sy kerk gegee is.

## 3. DIE HUIDIGE POSISIE IN ONS KERK

Hierdie paar vóórafgaande opmerkings is gegee om, in die breë, die riglyne vir die kerkordenende denke aan te dui soos dit deur die Calvinistiese vadere getrek is. Die riglyne is van belang as die posisie in òns kerk bespreek en beoordeel word. Immers in die bespreking van die orde en struktuur van die kerk gaan dit om die

vraag of ons kerklike orde volgens die Woord van God is, volgens die voorbeeld van die apostels èn die voortdurende gewoonte van die kerk[17]. Hoewel dit hier om die gesag van die meerdere vergaderings gaan, is dit duidelik dat ook eers 'n paar voorafgaande opmerkings gemaak moet word.

As oor die kerklike orde gehandel word, is die Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 32 sekerlik van grondliggende betekenis. Daar word gestel:

> "Ons glo intussen dat die regeerders van die kerk, al is dit nuttig en goed om onder mekaar 'n bepaalde orde tot instandhouding van die liggaam van die kerk in te stel en te handhaaf, tog noukeurig moet oppas om nie af te wyk van wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie.
> En daarom verwerp ons alle menslike uitdinksels en alle wette wat mense wil invoer om God te dien en om, op watter manier ook al, die gewetens daardeur te bind en te dwing. Ons neem derhalwe slegs dit aan wat kan dien om eendrag en eenheid te bevorder en te bewaar, en ons onderhou alles in gehoorsaamheid aan God ..."

As hierdie artikel in samehang met die voorafgaande gelees word, dan word dit wel duidelik dat die vadere van oordeel is dat die kerklike orde tot 'n minimum van ordereëls beperk moet bly. Die uitgangspnt is dat die Woord van God nie 'n wet nodig het nie en dat die Heilige Gees nie volgens 'n reglement optree nie. Hier word dus wéér gesê dat daar maar één werklike gesag in die kerk is en dit is die Woord van God, dié Woord van die enige Hoof van die kerk Jesus Christus. Duidelik stel die Geloofsbelydenis híer dat die kerk ànders is as die staat of die volksgemeenskap en daarom moet "die regeerders van die kerk," (dit wil sê: die amp) oppas om nié af te wyk van die instellings van Jesus Christus nie. Dwang en gewetensbinding in die kerklike ordereëlings kan nie aanvaar word nie[18]. Hoewel daar so iets soos 'n vaste kerklike orde (wet èn reglement) moet wees omdat die gelowige lidmaat nóg sondaar-mens bly, is die doel van die kerklike orde om die gehoorsaamheid aan God te bevorder.

Hierdie sobere uitsprake oor die kerklike orde hang saam met die feit dat dit nie direk uit die Skrif afgelei kán word nie. Die kerklike orde se beroep op die Skrif is selde 'n direkte. Die leidinggewende beginsel is en bly dus dat hoewel die kerkwet nie met die inhoud van die geloof te make het nie, is dit tog so dat die kerklike orde in diens van die geloofslewe in en van die kerk staan. Dit bring mee dat elke kerklike orde aan dáárdie maatstawwe gemeet moet word sonder dat daarmee gesê word dat daar net één kerklike orde moontlik

is[18a]. Hier kan net gestel word dat die grondliggende beginsels van die kerklike orde in die 25 artikels van die Kerkwet saamgevat word. Dié artikels is enigermate "verskans" in dié sin dat hulle nie sondermeer deur die Algemene Kerkvergadering gewysig of geskrap kan word nie (vgl art 25)[19]. Die bepalings moet gesien word as die uitwerking-in-die-praktyk van die beginsels wat in die Kerkwet gestel word en het dieselfde posisie in die kerk as enige ander sinodale beslissing. In 'n sekere sin verteenwoordig die Bepalings 'n aspek van die voortdurende gewoonte in die kerk.

### 3.1 Christus die Hoof van die kerk

In ons kerklike orde word begin met 'n omskrywing van die kerk sèlf (Kerkwet, art I—III) en daarná word dan oor die amp en die regering van die kerk gehandel. Van belang hier is dat in art XI baie duidelik gestel word:

> "Die kerk bely in sy bediening van die Woord ens ... telkens opnuut Christus as die Hoof van die Kerk en as Heer van die wêreld."

Daarmee word die klassieke uitgangspunt van alle kerkordelike denke uitdruklik geformuleer.

### 3.2 Die Amp

Die omskrywing van die amp, die dienswerk wat dit in die kerk moet verrig, word nie net deur art V, die Bepalings 21—41; 59—82; 148—183 omlyn nie maar óók deur die Nederlandse Geloofsbelydenis, art 31 en die verskillende Formuliere vir die bevestiging in die amp.

### 3.3 Die Regering van die kerk

Dit is duidelik dat die amp deur Jesus Christus geroep word om die kerk *middellik* te regeer. Hier geld ook die stelling van die Franse Geloofsbelydenis, art 25 wat stel[20]:

> "Nie dat God verplig is om 'n dergelike hulp en ondergeskikte middel te gebruik nie maar omdat dit Hom behaag om ons deur so 'n teuel vas te hou (nous entretenir sous telle bride)."

Die amp in die kerk het gesag, soos die Tweede Switserse Geloofsbelydenis 18:14 dit stel:

> "Verder is daar 'n ander gesag, naamlik van die amp ofwel die gesag van die dienaar wat egter beperk is deur Hom wat volle en absolute mag en gesag het. Die gesag van die dienaar is meer soos 'n dienswerk as 'n heerskappy."

Hier word dan ook duidelik gestel dat die gesag van die dienaar net strek tot so ver as wat sy opdrag gaan en as hy daardie grens oorsteek verval sy gesag, met ander woorde hy moet binne die "grense" van God se Woord bly.

Nou is dit duidelik dat aan die amp 'n bepaalde dienswerk en gesag en opdrag verbind word. Dáárdie gesag of regeerbevoegdheid mag die ampsdraer of dienaar nooit alléén of monargaal uitoefen nie[21]. So kom die vergadering in die kerk na vore waar die amp-in-vergadering regeer[22]. Die vergadering het dus géén eie, statutêre gesag nie maar oefen die betreklike gesag van die amp, wat van Christus ontvang is, slegs in vergadering uit. In die Geloofsbelydenisse word dit duidelik dat dit hier gaan om 'n dinamiese gesagsopvatting en nie om 'n juridies-statiese opvatting nie. Die probleem is en bly dat elke organisasie, óók die kerk dus, 'n juridies-statiese gesagsopvatting verkies wat makliker hanteerbaar is as die voorgeskrewe gebed om die teenwoordigheid en leiding van die Heilige Gees deur die Woord van God, waarmee elke kerklike vergadering van die ampte moet begin[23].

Daar kan met die opskrif van art VI fout gevind word want dit gaan, volgens die reformatoriese denke, om *'n vergadering van die ampte* en nié 'n vergadering van *ampsdraers* nie. Die dienswerk so lank dit verrig word, dra 'n sekere gesag. Met ander woorde, in die funksionele amp van die Calvinisties-reformatoriese kerk, dra die amp die betreklike gesag en nie, in die eerste plek, die mens wat in die amp staan, die ampsdraer dus, nie. Dit is nie so verskriklik belangrik nie maar tog belangrik genoeg om daarop te let dat 'n misverstand hiér 'n kerkordelike dwaalweg oopmaak. *Die doel van die vergaderings* van die ampte word in art VI nogal vaagweg omskrywe as: "Vir die regering van die kerk ..." sonder om daardie *regering* nader te omskrywe. Dié omskrywing kom egter in die Geloofsbelydenis voor, waar gestel word[24]:

> "Deur hierdie middel (= die kerkraad = die vergadering van die ampte) moet hulle (= die ampte) sorg dra dat die ware godsdiens onderhou word en die ware leer oral versprei word, die oortreders op geestelike wyse vermaan en in toom gehou kan word en, dat ook die armes en bedroefdes volgens hulle nood gehelp en getroos kan word."

Terselfdertyd dui die Geloofsbelydenis ook baie duidelik die grense

van die bevoegdheid van die vergadering van die ampte aan as gestel word:

> "Ons glo dat hierdie ware kerk ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse wat ons Here ons in sy Woord geleer het, *geregeer moet word.*"

Gesien die korrelasie tussen Belydenisskrif èn kerklike orde, is dit ook nie nodig om art VI in die bogenoemde sin verder uit te brei of uitvoeriger te omskryf nie.

**3.4 Die Kerkaadsvergadering**

Die Kerkraadsvergadering is die primêre, verantwoordelike vergadering van die ampte in ons kerk. Met die omskrywing van art II dat die gemeente "die verskyningsvorm van die kerk op elke aangewese plek" is, is dit duidelik dat hierdie stelling nie nog verder beredeneer hoef te word nie. Die kerkraad word gevorm deur *aldrie ampte* sodat die diaken ook, op hierdie manier, regeerbevoegdhede ontvang. Hoewel die diaken, kragtens die Bevestigingsformulier nié 'n sodanige ampsopdrag het nie, kan die Nederlandse Geloofsbelydenis, art 30 aangevoer word as 'n argument dat hy daar moet wees. Verder kan gewys word op die reëlings van die Franse *Discipline Ecclésiastiqe* wat aan die diaken sittingsreg op die kerkraad èn die meerdere vergaderings gee.

Kerkregtelik gesproke pleit die Nederlandse tradisie vanaf 1568 daartéén en ook die Suid-Afrikaanse kerkregtelike tradisie van 1652 tot 1824. Dit met inagneming van die feit dat die diaken wèl as 'n hulp-ouderling kan optree waar die getal ouderlinge op 'n kerkraad slegs twee of drie is. Die tradisie om die diaken, anders as die voorafgaande voortdurende gewoone, sittingsreg op gelyke vlak met die ouderlinge en die predikante te gee, dateer vanaf die Kerkwet van 1862, *Reglement ... voor de Kerkeraden van die Gemeente der N.H.K. in de ZAR*, art 2. Daarvandaan het die diaken ook sittingsreg op die meerdere vergaderings van die kerk. Die feit dat die diaken op hierdie manier as hulp-ouderling by die regering betrek is, het beslis 'n nadelige effek gehad op die diaken se diensverrigting ten opsigte van sy primêre ampsopdrag.

Hoewel dit Skriftuurlik baie moeilik is om uit te maak of dit werklik 'n skeeftrek is van die dienswerk van die diaken om ook by die regering van gemeente en kerk betrokke te wees, staan dit vas dat volgens die Bevestigingsformulier dit nié 'n normale deel van sy ampsopdrag is nie. Met die groter klem wat in die laaste aantal jare gelê word op die barmhartigheidsdiens van die diaken, word dit

moontlik om die diaken weer geleidelik los te maak van sy "ekstra opdrag" om ook as hulpouderling diens te lewer.

*Die arbeidsveld van die kerkraad* lê, soos die Geloofsbelydenis dit ook vereis, op die vlak van Woordverkondiging – en sakramentsbediening, die godsdiensoefening dus, die uitoefening van die opsig en tug, die kategese, opvoeding en onderwys van die jeug, die barmhartigheidsdiens, apostolaat èn die handhawing van die goeie orde in die lewe en werk van die gemeente (Bep 5).

In die gemeente het die kerkraad aansien *vanweë die dienswerk* wat hulle verrig vgl I Korintiërs 6:4. Die amp in die gemeente is 'n funksionele amp en daar bestaan nie so iets soos 'n "ampskwaliteit" wat die persone wat die amp beklee, sou aankleef nie. Daarom is die gesag van die kerkraad niks méér en niks minder as die gesag van die Woord van God nie. Die gesag in die gemeente berus dus nie op die goeie *opus operatum* van die ampsdraer nie maar op die genade van God en die leiding van die Heilige Gees.

In die gemeente self is dit duidelik dat elke gelowige lidmaat van die gemeente self 'n opdrag tot diens en gehoorsaamheid aan Jesus Christus ontvang het (priesterskap van die gelowiges). Die amp self kom egter nié demokraties-verteenwoordigend uit die gemeente op nie, maar is volgens Efesiërs 4:11–12 'n gawe van God aan die gemeente om die gelowiges vir hulle dienswerk toe te rus. Hier is dus geen sprake van 'n heerskappy of menslike gesag wat die amp of die kerkraad in die gemeente voer nie. Aangesien die amp 'n roeping tot diens is – diens aan Jesus Christus die Hoof èn aan die gemeentekerk as sy liggaam, – staan die ampsdraer slegs in 'n besondere dienswerk terwyl die gewone gelowige 'n algemene diensopdrag ontvang het. Daarom is en kan die gemeentelike kerkraad nie primêr gesien word as 'n liggaam wat die gemeente *verteenwoordig* nie want die kerkraad staan, volgens Efesiërs 4:11–12, in 'n ànder verhouding tot die gemeente as die bestuur van 'n vereniging tot die lede van die vereniging.

Daarom moet die Gemeentevergadering en die verkiesing van kerkraadslede (Bep 2 en veral 2.b.) verstaan word in die presiese sin van die vraag in die Bevestigingsformuliere:

> "... of u in u hart gevoel dat u wettig deur die gemeente van God, *en daarom deur God self,* tot hierdie diens ... *geroep is."*

Wanneer die ampte in vergadering saamkom, neem hulle so deel aan die regering van die kerk deur Jesus Christus. Deur middel van die vergadering, waar gedagtes gewissel en ooreenstemming, *op grond van die Woord,* bereik word, word die gesag van Jesus Christus èn die amp uitgeoefen. So staan die kerkraad as die primêre, verantwoordelike vergadering van die ampte in die geheel van die kerk. Sy

gesag strek oor sy bevoegdheidskring en word beperk in dié sin dat die kerkraad nié beslissings kan neem oor sake wat breër is of 'n wyer uitwerking het as die gemeente nie. Daarom word die gesag van die kerkraad *beperk* deur die meerdere vergaderings, die Ring en die Algemene Kerkvergadering.

## 4. DIE MEERDERE VERGADERINGS

In ons kerk kom daar twee meerdere vergaderings voor naamlik die Ringsvergadering (Bep 7–9) en die Algemene Kerkvergadering (Bep 10–15). Hierdie vergaderings word van mekaar onderskei deurdat elkeen 'n eie arbeidsveld en bevoegdheid het. Oorvleueling van werksaamhede word, in die praktyk, nie altyd uitgeskakel nie omdat die "grenslyne" tussen die vergaderings nie duidelik genoeg gestel word nie.

Die meerdere vergaderings word, in beginsel gesien as uitbreidings van die gemeentelike kerkraad om aan dié aangeleenthede aandag te gee wat 'n wyer omvang het as wat normaalweg op die terrein van die kerkraadsvergadering lê. Dié meerdere vergaderings is nie hoër vergaderings nie[25] omdat art VI van die Wet 'n hiërargievorming in die kerk en 'n hiërargiese gesagstruktuur afwys, maar regerende vergaderings, vergaderings van die ampte wat byeenkom ter wille van die regering van die kerk. Die meerdere vergadering handhaaf die organiese eenheid (geloofs- èn organisatoriese eenheid, NGB art 28) van die kerk en staan teenoor die independentisme waar die plaaslike kerk as soewerein onafhanklik gesien word.

Die kwaliteit van die meerdere vergaderings word veral deur twee faktore bepaal naamlik die saak van die *afvaardiging* èn deur die verstaan van *die amp*. Hieroor kan kortliks net die volgende gestel word:

### 4.1 Die Afvaardiging

Die meerdere vergadering is in wese 'n samekoms van die ampte vir die uitoefening van hulle regeertaak in en van die kerk. As sodanig is die meerdere vergadering slegs 'n kwantitatiewe uitbreiding van die kerkraad. Omdat dit egter onmoontlik is om al die ampsdraers op die meerdere vergadering saam te trek, word 'n afvaardiging gestuur voorsien van geloofsbriewe en opdragte.

In ons kerk kom die afvaardigingsgedagte in die ou ZAR betreklik laat na vore vanweë die feit dat die aantal gemeentes betreklik min is en die getal kerkraadslede ook nie te groot is nie[26]. Ons eerste paar Algemene kerkvergaderings was bv. *Kerkraadsinodes* omdat alle ampsdraers ter wille van die regering van die kerk, daar byeen

gekom het[27]. Geleidelik het die Algemene Kerkvergadering ook 'n afgevaardigde sinode geword en word die meerdere vergaderings deur die twee gegewenhede van afvaardiging èn amp bepaal.

### 4.2 Die Amp

Die meerdere vergadering is in beginsel 'n toestroming van die amp om die kerk te regeer. Dit bly vasstaan dat *die amp* die opdrag het om te regeer en dat slegs die wyse van regering die vergadering noodsaaklik maak.

Daarom word daar steeds 'n balans gehandhaaf tussen die twee gegewenhede van *afvaardiging* en *amp*. As die nadruk té sterk op die afvaardiging lê, beteken dit dat die aksent te swaar lê op die kerkraad-wat-afvaardig en dáárom op die afsonderlike en nié op die geheel nie. Die meerdere vergadering is nie 'n demokratiese byeenkoms waar "die belange" van die plaaslike gemeente verteenwoordig moet word nie. Belangriker is dit dat dit vergaderings van die ampte is, dit wil sê die afgevaardigde is as ampsdraer, dit wil sê as verteenwoordiger van die amp, ter vergadering. Deur dít te sê bly die aksent dáárop lê dat die meerdere vergadering 'n instrument vir die Christokrasie is want deur middel van die amp, die amp-in-vergadering óók, regeer Jesus Christus sy kerk. Daarom word alle meerdere vergaderings ook, volgens die voortdurende gewoonte, geopen met 'n godsdiensoefening – dit wil sê Skriflesing, prediking, gebed en lofsang –, terwyl die daaglikse sittings met Skriflesings, gebed en lofsang geopen en gesluit word. So word en bly dit duidelik dat die vergadering in alles onderworpe bly aan die gesag van die Woord en by voortduring bid vir die leiding van die Heilige Gees.

Ten opsigte van die meerdere vergadering moet verder gestel word dat die gesag in die kerk altyd primêr by Jesus Christus en sy Woord lê. Dit is die hoogste onmiddellike gesag in die kerk. Die meerdere vergaderings met sy kumulatiewe verteenwoordigende amp verteenwoordig die breëre middellike gesag in die kerk maar dan altyd ondergeskik aan en bepaal deur die onmiddellike gesag van Jesus Christus.

## 5. DIE RINGSVERGADERING, SY GESAG, FUNKSIE EN HANDELING

Die ringsvergadering is, histories gesproke, 'n betreklike jong instelling in ons kerklike struktuur en dateer eers uit die tyd na die Engelse oorlog van 1899–1902. Jammer genoeg het die vadere, met die instelling van die ringsvergadering, nogal onbeholpe te werk gegaan sodat die ringsvergadering in sommige opsigte as 'n soort

"Fremdkörper" in die kerklike organisasie funksioneer, veral in die lig van presbiteriaal-sinodale struktuur. Soos die ringsvergadering tans funksioneer is die ringsvergadering 'n aparte vergadering wat geen organisatoriese verband met die Algemene Kerkvergadering het nie. Slegs deur middel van korrespondensie bestaan daar 'n verband tussen die ring en die Algemene Kerkvergadering. Pogings om die ringsvergadering 'n taak met meer betekenis in die kerklike lewe te gee, het tot dusver nog nie veel positiewe resultate opgelewer nie.

### 5.1 Samestelling van die Ringsvergadering

Bep 7 stel dat die ringsvergadering gevorm word deur die predikante en een ouderling en een diaken van die ringsgemeentes (Bep 7.1.a en c). Daarby kom dan óók nog bykomende figure, soos emeriti e.a. (vgl Bep 7.1. a–e). Dit is dus 'n gewone meerdere vergadering van die ampte met sy omskrewe arbeidsveld. Al die ampsdraers wat ter vergadering kom, moet behoorlik-voltooide geloofsbriewe hê terwyl elke kerkraad, by wyse van beskrywingspunte, sake wat binne die bevoegdheid van die ring val, op die agenda van die vergadering geplaas kan kry. Dié agenda word vóóraf aan alle kerkraadsvergaderings beskikbaar gestel.

Die ringsvergadering kom jaarliks, gedurende die eerste helfte van die kalenderjaar, in gewone sitting byeen (Bep 9.1)

### 5.2 Arbeidsveld

Die taak van die ringsvergadering is, in 'n baie groot mate, 'n opsighoudende taak ten opsigte van leer en lewe in die gemeentes in sy ressort. Die taak van die ringsvergadering word in Bep 8.1.a–r uitgespel. Dit begin met 'n soort oorkoepelende opdragomskrywing wat as volg lui:

> "8.1.a Die ringsvergadering gee leiding aan die lewe en werk van die ring op die verskillende arbeidsvelde en bevorder alle geestelike en kerklike aangeleenthede."

Hierdie omskrywing is enigermate vaag en daarom ook wel verwarrend veral om die vraag waarmee ons besig is te beantwoord. Die leiding wat aan "die lewe en werk van die ring" gegee moet word, verwys nie na die ring as *vergadering* nie maar na die gemeentes èn hulle kerkrade wat in ringsverband by mekaar hoort. Dit is opvallend dat in hierdie oorkoepelende samevatting niks oor *die leer* gesê word nie, moontlik omdat dit in Bep 8.1.6 genoem word waar die opsig en tug-opdrag bepaal word. Wat presies bedoel word met "die

geestelike en kerklike aangeleenthede" wat die ringsvergadering moet "bevorder", is nie heeltemal duidelik nie want dit moet dan "geestelike en kerklike aangeleenthede" wees wat nie in Bep 8.1 c–r genoem word nie. Dit wil voorkom asof hier 'n wye en opsetlik-vae opdragsomskrywing gegee word wat die ringsvergadering kan laat optree buite die grense wat die bestaande bepalings trek. Dit het miskien voordele maar dit het óók die nadeel dat dit die grense van die bevoegdhede en taak van die ringsvergadering onnodig vaag maak en daarom eerder wanorde as orde kan bevorder. Die absolute grens naamlik die grense wat die Woord sèlf trek, spreek natuurlik vansèlf. Daarna het die ringsvergadering 'n taak ten opsigte van die handhawing van *die dissipline of opsig en tug.* Die ringsvergadering het wel opsig oor die predikante maar geen tugbevoegdheid nie (Bep 111.1) maar wèl tugbevoegdhede oor die ouderlinge en diakens.

Dan het die ringsvergadering veral 'n opsighoudende taak ten opsigte van die kerkrade en gemeentes wat jaarliks aan die ringsvergadering 'n omvattende verslag moet voorlê. (Bep 8.1.m) en daarby moet die kommissie van die ringsvergadering reëlmatig visitasie hou by die gemeentes in die ring. Verder moet die ringsvergadering self weer van sy werksaamhede verslag doen aan die Algemene Kerkvergadering èn sy Kommissie (Bep 8.1.k en l).

Van belang is ook dat die ringsvergadering 'n aantal rade moet aanwys wat gemeenskaplike take van die gemeentes moet koördineer en rigting gee tw die Diakonale ringsraad, die Ringsendingraad, die Ringsouderlingeraad wat veral met die toerusting van die ampsdraers gemoeid is, die Ringsraad vir evangelisasie en die Ringsraad vir Jeugwerk. Deur middel van hierdie rade, wat almal weer aan die ringsvergadering verantwoording verskuldig is, word daar geweldig baie werk versit op 'n breër terrein as wat 'n afsonderlike kerkraad kan of mag behartig.

Dan het die ringsvergadering ook 'n opdrag ten opsigte van die bepaling van grense tussen gemeentes, die stigting van nuwe gemeentes en waar nodig ten opsigte van die ontbinding van gemeentes.

Al hierdie werksaamhede van die ringsvergadering word bepaal deur die feit dat daar take binne die kerk verrig moet word wat nie deur een kerkraad alleen verrig kán word nie. Die take wat deur die ringsvergadering en ringsrade verrig word, beteken nié dat die kerkraadsvergaderings van daardie opdragte ontslaan is nie maar dat die werk van die kerkraadsvergaderings ten opsigte van sending, evangelisasie en al die ander op daardie manier gekoördineer, gestimuleer en gekontroleer word. Só dra die ringsvergadering sy verantwoordelikheid om te help toesien en mee te werk sodat "die ware godsdiens onderhou word en die ware leer oral versprei word,

die oortreders op geestelike wyse vermaan en in toom gehou kan word en, dat ook die armes en bedroefdes volgens hulle nood gehelp en getroos kan word." (NGB art 32).

Die ringsvergadering kom net een maal per jaar byeen. Om die noodsaaklike werk van die ringsvergadering voort te sit, is daar 'n kontinueringsliggaam naamlik die kommissie van die ringsvergadering wat, volgens Bep 9.7 "alle take wat aan die ringsvergadering opgedra is," verrig wanneer die ringsvergadering nie sit nie. Dié kommissie kan egter nie 'n nuwe gemeente stig nie, daaroor moet 'n vergadering van die ring handel.

Die vraag kan ontstaan of die bestaan van só 'n kommissie nie in stryd is met die anti-hiërargiese klousule; art VI, nie en verder of dit nie 'n statutêr-juridiese gesag aan die vergadering gee ter vervanging van die dinamiese gesagsopvatting van die reformatoriese vadere nie. Dié vraag kan hier oorstaan vir bespreking want dit kan met ewe veel reg ten opsigte van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gevra word.

Ten slotte kan nog daarop gelet word dat die ringsvergadering op één punt heeltemal verskil van die klassis in die ou Nederlandse, Calvinistiese kerkordes. Dit dan veral ten opsigte van die toelating van predikante tot die amp èn die tugbevoegdheid ten opsigte van die predikante. Wat die toelating betref, is in ons kerk daarmee begin in 1864 en op daardie stadium was daar géén ringsvergadering nie en is dié saak deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering behartig. Daaraan is dan, tot vandag toe, geen verandering gemaak nie. Wat die tugbevoegdheid ten opsigte van predikante betref, is dit óók aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering toegesê en word dit onveranderd so gehandhaaf. Dit wil voorkom asof, met die instelling van die ringsvergadering in ons Kerk, die Algemene Kerkvergadering nié kon besluit of dié vergadering dieselfde posisie moes inneem as die klassikale vergadering in die Calvinistiese kerkordes en of dit gelyk moes staan aan die Ringsvergadering soos dié ontstaan het in die na-1816 kerklike ordening in Nederland nie. Dit dan omdat die latere Nederlandse ringsvergadering meer 'n toerustingsvergadering as 'n regeervergadering van die ampte was[28]. Juis die feit dat die ringsvergadering nie behoorlik in die kerklike struktuur ingebou is nie, laat dié vermoede ontstaan.

Die vraag of dit 'n goeie reëling (d.w.s. Skrifmatig) is, is moeilik om finaal uit te maak. 'n Probleem wat hom hierby voordien, is dat dit beteken dat 'n predikant wat deur die Kommissie skuldig bevind is aan 'n klag, slegs één appèlmoontlikheid het en dit is na die Algemene Vergadering. Dit is, gesien die geskiedenis in hierdie verband, 'n saak wat as problematies aangedui kan word[29].

## 6. DIE ALGEMENE KERKVERGADERING, SY GESAG, FUNKSIE EN HANDELINGE

Die Algemene Kerkvergadering in ons Kerk kom die eerste maal in 1853 as 'n Kerkraadsinode na vore en was, tot en met die instelling van die ringsvergadering, na die Engelse oorlog van 1899–1902, die enigste meerdere vergadering in ons Kerk. Die Algemene Kerkvergadering funksioneer aanvanklik op grond van die Kaapse Kerkwet van 1824 wat in Voortrekkerkerk, vir so ver van toepassing, die orde omskryf het. Met die aanvaarding in 1861 van die eerste eie Kerkwet, wat voortgevloei het uit die beginseluitsprake van die Grondwet van die ou Zuid-Afrikaansche Republiek, het die kerkordenende tradisie in ons Kerk begin. Die 1861-Kerkwet het, miskien vanselfsprekend, sterk geleun op die Nederlandse kerkordenende denke soos dit vanaf 1816 gegroei het. Dit het beteken dat die parlementaristies-demokratiese denke van meet af 'n sterk rol gespeel het en die organiese band tussen Christologie en ekklesiologie met betrekking tot die kerklike orde èn die verband tussen die Geloofsbelydenisse en die kerkwet nogal vaag was. Sommige van hierdie tendense werk vandag nog deur in die kerklike orde èn ten opsigte van die Algemene Kerkvergadering en sy funksionering in die geheel van die kerklike orde. Juis omdat die Heilige Skrif hieroor geen besondere omskrywings gee nie en die aanduidings van die Geloofsbelydenisse ook in die algemeen gestel is, is dit soms moeilik om vas te stel wanneer daar bepalings voorkom wat in botsing met Art 32 van die Nederlandse Geloofsbelydenis sou wees[30].

Miskien moet dit maar gestel word dat dit nié aanvaar word dat die 17de eeuse Dordtse Kerkorde die enigste en finale kerklike orde is en moet wees nie. Daardie kerkorde wat selfs in Nederland in die 17de eeu géén algemene aanvaarding ervaar het nie, is wel 'n sekere klassieke samevatting van die Calvinistiese kerkordenende beginsels soos dit in die periode 1568–1619 ontwikkel het. Maar dié kerkorde as orde waarborg nié die regsinnigheid van die kerk of die voortdurende gehoorsaamheid aan Jesus Christus, die Hoof en Heer van die kerk nie. Daar is geen enkele kerkordenende struktuur wat dit waarborg nie[31].

### 6.1 Samestelling

Die Algemene Kerkvergadering se samestelling word deur twee sake bepaal naamlik dat dit 'n samekoms is van die ampte wat die kerk moet regeer èn dat die lede van die vergadering behoorlik afgevaardig moet wees. Bep 10 stel dat die Vergadering gevorm word deur die predikante van die kerk, 'n lid van elke kerkraad, die professore

en ander dosente in die teologie en dan nog diegene wat met adviserende stem deel van die vergadering is.

In 'n sekere sin is die Algemene Kerkvergadering nog steeds 'n soort *Kerkraadsinode* omdat elke Kerkraadsvergadering 'n verteenwoordiger op dié vergadering het. Dit maak dit wel 'n tipiese meerdere vergadering in dié sin dat dit 'n toestroming van die (regeer-) ampte is om die kerk te regeer.

Aan die ander kant is die Algemene Kerkvergadering al lank nie meer 'n vergadering nie maar eerder 'n soort kerklike kongres. Dit veral vir twee redes. Met 280 gemeentes in die kerk beteken dit dat daar net so veel afgevaardigde kerkraadslede kan wees en met 237 predikante en professore is die Algemene Kerkvergadering dan 'n vergadering van minstens 517 persone. Dit bring dan mee dat die *Reglement van Orde* vir die vergadering moet bepaal dat 'n spreekbeurt normaalweg nie langer as 5 minute mag wees nie, en dat 'n tweede spreekbeurt oor 'n bepaalde angeleentheid 'n uitsondering is. Uit die aard van saak beteken dit dat 'n werklik indringende bespreking nie meer op so 'n groot vergadering moontlik is nie.

Die 1979 Algemene Kerkvergadering het dan ook besluit dat daar voorstelle voorgelê moet word oor die verkleining van die vergadering, of die beperking van sy omvang.

Ten slotte kan ten opsigte van die samestelling van die Algemene Kerkvergadering nog daarop gewys word dat daar nog steeds die moontlikheid bestaan dat *diakens* lede van dié vergadering kan wees. Die argument dat die diaken, kragtens die Bevestigingsformulier, geen regeeropdrag in die kerk het nie, word minder belangrik geag as die tradisie waarvolgens die diaken as hulpouderling deel van die kerkraadsvergadering en die meerdere vergaderings vanaf 1853 was. Terselfdertyd speel die parlementaristies-demokratiese oorweging, waarvolgens elke kerkraad op die Algemene Vergadering verteenwoordig moet word deur 'n lid van die kerkraad, seker hier ook nog 'n rol. Die vashou aan die tradisie dat die diaken 'n regeeropdrag het, het natuurlik ook beteken dat die diakensamp in ons Kerk vir baie jare al wegbeweeg het van die barmhartigheiddiensvlak sodat deesdae daaraan weer gespesialiseerde aandag gegee moet word.

### 6.2 Die Arbeidsveld

Bep 11 omskryf *die arbeidsveld* van die Algemene Kerkvergadering, in 'n taamlike vae en algemene omskrywing. Hoewel art VI van die Wet bepaal:

> "Elke vergadering behandel die sake waartoe hy kerkregtelik bevoeg is"

is hier, net soos by die ringsvergadering, geen presiese grensomskrywing nie sodat die Algemene Kerkvergadering 'n baie wye, en daarby onomskrewe bevoegdheid het. So stel Bep 11.a.

> "Die Algemene Kerkvergadering gee leiding en doen alles wat die lewe en dienswerk van die kerk bevorder."

Normaalweg is dit tog so dat die sinodale vergadering se primêre taak is om die leer van die kerk te omskryf en te handhaaf, besluite te neem oor die vorm, inhoud en orde van die godsdiensoefening, die kerklike orde te omskryf en te handhaaf, die opsig en tug te handhaaf en ten slotte om uitsprake te gee oor dié soort sake wat die ander vergaderings van die ampte nie kan of mag afhandel nie.

Nou is dit wel interessant om vas te stel dat die Wet, op verskillende punte, bevoegdhede en opdragte van die Algemene Kerkvergaderings omskrywe wat nié in Bep 11 spesifiek genoem word nie. So kan verwys word na art XI.4 wat stel:

> "Die Kerk weer uit sy midde alles wat die belydenis weerspreek."

Art XIII.2:

> "Wysigings in die kerkboek (= alles met betrekking tot die godsdiensoefening) word slegs deur die Algemene Kerkvergadering aangebring ..."

Art XV:

> "Die Algemene Kerkvergadering is verantwoordelik vir die opleiding en vorming van dienaars van die Woord."

Art XVII:

> "Die Algemene Kerkvergadering bepaal watter boeke en geskrifte vir die kategese gebruik word."

Dit beteken dus dat Bep 11 nié al die bevoegdhede en opdragte van die Algemene Kerkvergadering wil herhaal nie en dus die vae omskrywing gee soos dit in Bep 11.a gegee word.

Die vae bevoegdheidsomskrywing in Bep 11 beteken uiteindelik dat die Algemene Kerkvergadering inderdaad oor "alles" kán handel en dit het nog maar baíe selde voorgekom dat hierdie Vergadering 'n saak terugverwys na ander vergaderings van die ampte omdat dié vergaderings dié soort sake moes en kon afgehandel het.

Verder is dit die arbeidsveld van die Algemene Kerkvergadering om "die Kerk, volgens die uitsprake van die Woord van God en

kragtens die Wet en Bepalings" te regeer, toesig te hou en regspraak te doen, getuienisse teenoor owerheid, volk en wêreld te lewer en om hom te beywer vir die eenheid van die geloof in Jesus Christus (Bep 11.b–e). Die vae omskrywing van die bevoegdhede en opdragte van die Algemene Kerkvergadering bring mee dat die Algemene Kerkvergadering as 'n soort hoogste en finale gesag in die parlementaristies-demokratiese sin van die woord kan funksioneer. Hoewel dit waar is dat die Algemene Kerkvergadering *die hoogste middellike gesag* in die kerk is vanweë die breë toestroming van die afgevaardigde amp, is die Algemene Kerkvergadering dit slegs op die vlak van *die sake waartoe hy kerkregtelik bevoeg is.* As die opdrag- en bevoegdheidsterrein egter *alles* omvat, dan beteken dit dat die Algemene Kerkvergadering juis só die verantwoordelikheid en selfstandigheid van die plaaslike gemeente en kerkraad ondermyn, ondanks die beginselstandpunt van art. II. Daarmee word juis één van die sentrale verdienstes van die oorspronklik-Calvinistiese kerklike orde genegeer want dié kerklike orde het juis 'n balans probeer handhaaf tussen die plaaslike kerkraad en gemeente (= die verskyningsvorm van die kerk op elke aangewese plek) enersyds èn die meerdere vergaderings van die ampte andersyds. In plaas van 'n *horisontale struktuur van vergaderings*, waar elke vergadering slegs op sý omskrewe terrein funksioneer om in gehoorsaamheid aan Christus diens te lewer en om sodanige besluite te neem wat die gelowiges sal toerus vir hulle dienswerk (Ef 4:11–12) het ons hier tog nog 'n herinnering aan die 19de eeuse Nederlandse kerkordenende denke wat *'n vertikale struktuur van vergaderings* gebou het en waar die vergaderings al meer gelyk geskakel is met *die kerk.*

Die vraag bestaan dan ook of *die gesag* van die Algemene Kerkvergadering berus op die feit dat die verteenwoordigende regeer-amp op 'n breë vlak daar teenwoordig is en dan op grond van die Woord en onder leiding van die Heilige Gees en met in ag neming van die belydenis van die kerk, besluite neem wat gehoorsaamheid vereis. Of berus die gesag dáárop dat elke kerkraad daar verteenwoordig word en daar dus gestem en besluit word met die verteenwoordigde steun van elke kerkraad? Dit wil soms voorkom dat die demokratiesparlementaristiese gesagsopvatting 'n sterker rol speel as die Christokraties-Pneumatiese gesagsopvatting wat die Skrif ons leer.

Hierdie saak is moeilik om finaal uit te maak veral omdat dit 'n oop vraag is of elke besluit van die Algemene Kerkvergadering inderdaad op grond van die Woord van God, met in ag neming van die belydenis en onder leiding van die Heilige Gees geneem word. Maar dan kom die verdere vraag na vore of daar 'n organisatoriese struktuur is wat dit kan en sal waarborg. Die antwoord daarop moet negatief bly.

In ieder geval is dit so dat, ondanks die struktuur, die gesag van

die Algemene Kerkvergadering in ons Kerk die hoogste middellike gesag bly solank die Algemene Kerkvergadering binne sy bevoegdhede bly[32]. Die Kerkwet bepaal dan ook (Bep 12.12):

> "Alle besluite van die Algemene Kerkvergadering is bindend op die hele kerk van die oomblik waarop dit geneem word, tensy die Vergadering anders besluit."

'n Besluit van die Algemene Kerkvergadering kan altyd weer in hersiening geneem word òf tydens 'n Algemene Kerkvergadering (vgl Reglement van Orde, art 10) of deur 'n opvolgende Algemene Kerkvergadering. Inmiddels bly so 'n besluit egter staan.

Die vraag of die Algemene Kerkvergadering werklik die hoogste, middellike gesag in die Kerk *is*, word later verder beredeneer.

## 6.3 Werkwyse

Die Algemene Kerkvergadering vergader minstens een keer in vier jaar (Bep 12.1) en behandel daar 'n agenda wat deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering opgestel en vooraf beskikbaar gestel is.

Die inhoud van die agenda word bepaal deur studiestukke, rapporte edm van die verskillende organe van bystand (vgl Kerkwet, art VII), studiekommissies edm van die Vergadering sèlf en deur beskrywingspunte (Bep 12.3) wat min of meer vergelyk met die *quaestiones particulares* van die ou Nederlandse Sinodes. Ter wille van die goeie orde word dié beskrywingspunte gekorreleer met ander materiaal wat ter sake is en dikwels word, ter inligting, die menings van rade en of kommissies ten opsigte van 'n bepaalde beskrywingspunt ook ingewin en weergegee. So ver as moontlik word getrag om in die agenda alle ter saaklike inligting ten opsigte van elke agendapunt beskikbaar te stel. Die agenda self word gerangskik volgens die temas van die 25 artikels van die Kerkwet sodat die volgorde van die handelinge van die vergadering ook vasgelê is.

Na bespreking (vgl Reglement van Orde, art 6—10) word elke agendapunt ter stemming gebring. Normaalweg is 'n stemming met die opsteek van hande behalwe waar ampsdraers vir bepaalde take en opdragte verkies word, wanneer stembriewe gebruik word. Oor die algemeen word dit nagestreef om 'n eenparige beslissing, op grond van God se Woord en in ooreenstemming met die belydenisskrifte, te verkry. Indien dit nie moontlik is nie, gee die meerderheid van stemme die deurslag terwyl diegene wat in die minderheid gestem het, die reg het om sy minderheidstem, met die verstrek van redes, te laat notuleer. So ver vasgestel kon word, het 'n Algemene Vergadering nog nooit 'n saak laat oorstaan vir 'n volgende vergade-

ring of dit terugverwys na diegene wat dié saak op die agenda laat plaas het nie.

Soms ontstaan die vraag of 'n Vergadering kan stem oor *die waarheid* ofwel of 'n Vergadering kan besluit of hy hom aan 'n bepaalde Skrifuitspraak wil onderwerp of nie. Dit is natuurlik vanselfsprekend dat dit 'n enigsins absurde vraag is, omdat dit vanselfsprekend is dat 'n Algemene Vergadering se beslissingsbevoegdheid bepaal word deur sy gehoorsaamheid aan Jesus Christus, die Hoof en Heer van die kerk. Daarom is dit ook so dat in dié gevalle waar die uitspraak van die Skrif duidelik is, daar nie gestem word nie. In baie ander aangeleenthede, waaroor 'n Algemene Vergadering ook *moet* handel, bv oor die samestelling, funksies edm van 'n Pensioenraad, word daar wel gestem soos ook dikwels ten opsigte van kerkordelike sake, die kleredrag van ampsdraers by godsdiensoefeninge en vergaderings edm.

Verder verrig die Algemene Kerkvergadering 'n deel van sy werk deur middel van 'n viertal vaste rade naamlik:

(a) *die Raad van Finansies* wat die orde moet reël en toesig moet hou oor die stoflike aangeleenthede waarmee die Algemene Kerkvergadering gemoeid is, Bep 185 vg;
(b) die *Kuratorium vir die Teologiese Opleiding* wat die hele saak van die opleiding van predikante en die gang van sake aan die Teologiese Fakulteit aan UP onder sy sorg het, Bep 59 vg;
(c) die *Pensioenraad* wat die Predikantepensioen- en weduwees- en Wesefonds behartig, sien sy Reglement; en
(d) die *Raad vir Regsadvies* wat veral ten opsigte van die kerklike orde 'n opdrag het, Bep 142 vg;

Al vier hierdie rade is assisterende liggame wie se besluite uiteindelik deur die Algemene Vergadering aanvaar en behartig moet word. Die bevoegdhede van hierdie rade word dan ook in die Bepalings omskrywe.

Dan kies die Algemene Kerkvergadering ook met elke gewone sitting 'n Kommissie van die Algemene Kerkvergadering wat as 'n kontinueringskommissie van die Algemene Kerkvergadering funksioneer. Normaalweg word geoordeel dat 'n Algemene Kerkvergadering wat formeel gekonstitueer is, in funksie bly totdat, na die periode van vier jaar, 'n opvolgende Algemene Kerkvergadering gekonstitueer word. Aangesien die Algemene Vergadering nié vir die volle tyd kan sit nie, verdaag die vergadering maar kan weer opgeroep word om te vergader. Dit beteken dan dat dieselfde ampsdraers, indien moontlik ter vergadering moet verskyn.

Dié opvatting maak die bestaan van die kontinueringskommissie moontlik want die Kommissie tree op namens die verdaagde verga-

dering wat, met die nodige kennisgewing, weer kan byeenkom. Normaalweg gebeur dit nie dat 'n verdaagde vergadering wéér opgeroep word nie en dit beteken dat ook dat die Kommissie normaalweg alles tydens die reses-periode behartig wat aan hom opgedra is, vgl Bep 14.

## 7. DIE KOMMISSIE VAN DIE ALGEMENE KERKVERGADERING

Twee vrae kan rondom die bestaan van die kontinueringskommissie gestel word. Die eerste is of so 'n kommissie nie in botsing met die anti-hiërargiese beginsel van art VI is nie. Dit kan vasgestel word dat in die ou Nederlandse ordes die anti-hiërargiese bepaling op twee punte in die kerkorde na vore gekom het. Ten eerste is die rotasiebeginsel gestel naamlik dat dieselfde ampsdraers nie voortdurend na die meerdere vergaderings afgevaardig moet word nie en dat hulle ook nie voortdurend in die leidinggewende funksies mag staan nie. So 'n beginsel bestaan nie in ons Kerk nie en dit het al gebeur dat 'n ampsdraer vir twintig of meer jaar dieselfde funksie of verskillende funksies op die Kommissie beklee. Anders as in die Calvinistiese kerkordes waar juis deur middel van die rotasiebeginsel die gedagte van die persoonlike gesag van die ampsdraer uitgeskakel is deur al die klem te lê op die gehoorsaamheid aan Jesus Christus en sy Woord, word die kontinuïteit wat dan deur persone gewaarborg word, in ons kerklike lewe hoër aangeslaan. Indien 'n lid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering nie herkies word nie, word dit soms as 'n "mosie van wantroue" interpreteer. Daarom word die gedagte aan 'n rotasie van persone in die Kommissie ook nie oorweeg nie.

Dit is duidelik dat art VI se anti-hiërargiese opvatting direk weerspreek word deur hierdie reëling waar die klem sterker gelê word op die bekwaamheid van die ampsdraer en die aanvaarbaarheid van sy persoon as op die amp wat 'n middel is waardeur Jesus Christus self sy kerk regeer. Die kontinuïteit wat deur persone gewaarborg word, word dus belangriker geag as die kontinuïteit wat gewaarborg word deur die gehoorsaamheid aan die Woord èn die reëlings van die kerklike orde.

'n Tweede vraag is of so 'n vaste kontinueringskommissie nie 'n statutêre juridiese gesag in die kerk vestig teenoor die dinamiese gesagsopvatting van die Calvinistiese vadere nie. Dit lyk vanselfsprekend veral as in ag geneem word dat selfs Joh Calvyn se dinamiese gesagsopvatting reeds in die 17de eeu al meer en meer vasgevang is in 'n statutêre, juridiese gesagsopvatting waar die reëlmatige vergaderings van die ampte 'n duidelike en omskrewe

gesag gekry het wat nie altyd èn noodwendig gekoppel was aan die gesag van die amp en van Jesus Christus en sy Woord nie.

As gelet word op die omskrywing van die bevoegdhede en opdragte van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering dan word dit duidelik dat die Kommissie funksioneer as die logiese afsluiting van 'n piramidale of vertikale struktuur van vergaderings. Hier domineer die parlementaristies-demokratiese tradisie nog baie sterk. Dit is ook verstaanbaar dat dit so is èn so sal bly want geen liggaam of vergadering doen ooit selfstandig afstand van mag en gesag nie. Die groot vraag bly altyd of hierdie Kommissie, soos dit op die oomblik gestruktueer is, in die pad kan staan van die stelreël dat Jesus Christus die enige Heer van die kerk is (art XI 4), èn van die anti-hiërargiese klousule (art VI).

### 7.1 Samestelling

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering bestaan, so reël Bep 13, uit 'n Moderamen en dan nog twee dienaars van die Woord (= predikante of teologiese professore) en nege ouderlinge, gekies deur die Algemene Kerkvergadering.

Die Moderamen bestaan dan uit 'n voorsitter, onder-voorsitter, skriba en vise-skriba wat almal dienaars van die Woord (= predikante of teologiese professore) moet wees. Die Moderamen funksioneer as *'n dagbestuur* van die Kommissie en behandel "aangeleenthede wat aandag vereis." Die besluite van die Moderamen moet deur die Kommissie bevestig word (Bep 15.5). Die interessante is dat op al die vergaderings van die ampte daar altyd minstens 'n gelyke getal ouderlinge en predikante moet wees of selfs 'n oorwig van ouderlinge (Bep 13) maar dat in die Moderamen géén ouderlinge voorkom nie. Vir dié reëling kon daar nié 'n motivering gevind word nie. Dit toon weer hoe, sonder dat dit doelbewus so ontwerp is, die noodsaak van 'n gladde administratiewe werking van die verskillende vergaderings, 'n aksentsverskuiwing in die werkwyse na vore kom. Geleidelik het ons hier 'n aksentsverskuiwing van die amp wat 'n regeeropdrag het en om die regeeropdrag uit te voer, in vergadering byeenkom, na 'n liggaam wat bepaalde statutêr-juridiese bevoegdhede het en wat dan volgens daardie gesag optree.

Dit wil nié sê dat die Moderamen buite die grense van die Woord of die kerklike orde sal en wil optree nie en ook nie dat die Moderamen die onmiddellike gesag van Jesus Christus, as enigste Hoof van die Kerk wil blokkeer nie, maar dit beteken wèl dat die stelling van die Nederlandse Geloofsbelydenis, art 31:

> "Wat die bedienaars van die Woord betref: Hulle het, op watter plek hulle ook mag wees, een en dieselfde mag en gesag, omdat

hulle almal dienaars van Jesus Christus is – die enigste algemene Opsiener en die enigste Hoof van die kerk,"

volgens hierdie orde-reëling, in die gedrang kom. Dit óók omdat daar geen vaste rotasie-reëling is ten opsigte van die persone wat die veskillende funksies beklee nie. Dit is in ons Kerk nie vreemd dat 'n ampsdraer vir twintig of meer jaar lid van die Kommissie of die Moderamen is nie.

In die lig van die samestellig van die Kommissie èn die Moderamen, en veral ook in die lig van die beperkte taak wat die ouderling, wat die wesenlike regeer – en opsigopdrag het, daar vervul, moet gestel word dat die kerklike orde hier 'n ander spoor loop as wat die Nederlandse Geloofsbelydenis vooropstel.

### 7.2 Arbeidsveld

Die arbeidsveld, bevoegdheid en opdrag, van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering is geweldig wyd. Bep 14 stel die volgende:

"Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering –
a. praat, getuig en tree namens die Kerk op wanneer die Algemene Kerkvergadering nie sit nie.

Uit hierdie klousule kan die afleiding gemaak word dat die Kommissie in feite *'n sinode* is en dat die Algemene Kerkvergadering slegs 'n kerk-kongres is. Dit blyk duidelik uit die opdrag dat die Kommissie *namens die Kerk* kan en moet optree.

Merkwaardig genoeg het die Algemene Kerkvergadering nié die bevoegdheid om *namens die Kerk* op te tree nie. Dit spreek ook vanself want die Algemene Vergadering is nie 'n demokraties-verkose liggaam wat die kerk verteenwoordig nie. Die Algemene Kerkvergadering is ook nie 'n verskyningsvorm van die kerk nie en kan dit ook nooit wees nie. *Immers die Algemene Kerkvergadering is 'n vergadering van die ampte in die kerk om as 'n middel in die hand van Jesus Christus sy kerk deur Woord en Gees te regeer.* Die Algemene Vergadering verteenwoordig hoogstens *die ampte* maar nooit die kerk nie want die Algemene Vergadering is nie 'n parlementaristies-demokratiese liggaam nie maar 'n liggaam wat in die Christokraties-Pneumatiese orde van die kerk staan. Tog word hier nou, ondanks Bep 10–12, gesuggereer dat die Algemene Kerkvergadering *'n verskyningsvorm van die kerk* is want hoe ànders kan die Kommissie "namens die kerk" optree ens? Dat dit 'n absurde stelling is word duidelik as net oorweeg word dat die Algemene Kerkvergadering nié "die kerk" kan wees nie omdat die kerk bestaan uit ampsdraers

èn lidmate en die ampsdraers *nooit* verteenwoordigers-van-die-lidmate in die lig van Efesiërs 4:11—12 is of kan wees nie. Ook is dit uit die Geloofsbrief vir die vergaderings van die ampte duidelik dat die afgevaardigde ampsdraer na die meerdere vergadering nie *die gemeente* dáár verteenwoordig nie, maar wel *die amp wat die kerk regeer.*

Bep 14.a stel, so kan afgelei word, dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 'n *synodus contracta* is en dit kan uit die res van Bep 14 verder gesubstansieer word.

So stel Bep 14.d dat die Kommissie –

> "... handel onafgehandelde sake wat voor die Algemene Kerkvergadering gedien *of moes gedien het* of sake wat aan hom opgedra is, af."

Hier is géén sprake daarvan dat handelinge van die Kommissie nog die goedkeuring van die Algemene Vergadering moet verkry nie. Die handelinge van die Kommissie is finaal en ook die Algemene Vergadering is daardeur, kragtens Bep 12.12, gebind. Dit is interessant om vas te stel dat die Kommissie die bevoegdheid ontvang om ook sake "wat voor die Algemene Kerkvergadering *moes gedien het*" kăn afhandel. Dié stelling is baie wyd want daar kan geredeneer word dat dit slegs betrekking het op aangeleenthede wat in die agenda van 'n Algemene Kerkvergadering voorkom, en toe nie daar aan die orde gestel is nie.

Die argument kan egter ook gevoer word, dat dit sake is wat nié in die agenda voorgekom het nie en wat tog aandag moet kry. As dié uitleg moontlik is, beteken dit dat die Kommissie volledig in die plek van die Algemene Kerkvergadering inskuif en dié vergadering eintlik onnodig maak. Juis in die lig hiervan, wil dit voorkom dat die Kommissie inderdaad as 'n *synodus contracta* (kan) funksioneer.

Die indruk word bevestig deur die feit dat die laaste Algemene Vergadering net "minstens een keer in vier jaar" byeenkom in plaas van *drie jaar,* soos dit vroeër was. Die Algemene Vergadering is, in sekere sin en in die lig van die wye bevoegdhede van die Kommissie, eintlik onnodig vir die administrasie en besluitneming.

Dit bly merkwaardig hoe die eise van administrasie en bestuur die Pneumaties-Christologiese uitgangspunte in en van 'n kerklike orde kan oorwoeker.

Die optrede van die Kommissie is ook nie beperk deur ander liggame of vergaderings in die Kerk nie (vgl Bep 14.f) en dit spreek ook vanself want die Kommissie "praat, getuig en tree namens die kerk op ..." (Bep 14.a). Die Kommissie word in sy optrede ook nie gekortwiek deur Wet en Bepalings nie omdat slegs die Kommissie gesaghebbend die Wet en Bepalings kan uitlê en indien nodig ook kan opskort of voorlopig kan wysig.

In die Kommissie wat "ongeveer elke drie maande" in 'n dagsitting vergader, (Bep 15.1) speel die Moderamen 'n belangrike rol, nie alleen omdat die Moderamen minstens een maal per maand vergader nie, maar ook omdat die Moderamen die nodige voorbereidende werk vir die Kommissie se vergaderings tref. So is die Moderamen, bloot vanweë die omstandighede, uiteindelik die hoogste èn die finale middellike gesag in die kerk wanneer die Algemene Kerkvergadering nie sit nie.

### 7.3 Werkwyse

Omdat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering namens die Kerk moet praat, getuig en optree (Bep 14.1.a) èn omdat die Kommissie ook sake wat voor die Algemene Kerkvergadering moes gedien het, (moet) afhandel, gebruik die Kommissie 'n reeks van Rade om hom te adviseer.

Die Kommissie benoem dan ook, na elke Algemene Kerkvergadering, die lede van 'n reeks van Rade wat weer in ses *Werkgroepe* saamgevat is. Dit is dan die werkgroepe –

- *Gemeente-opbou,* wat die werk van agt rade koördineer;
- *Prediking en Erediens,* wat sewe rade koördineer;
- *Ampsbediening en Kerkordening,* wat vyftien rade saamvat;
- *Apostolaat,* wat nege rade saamvat;
- *Publikasies en Beriggewing,* wat agt rade saamvat; en
- *Ekumene,* wat die werk van drie rade koördineer.

Hierdie Werkgroepe en Rade wat hulle met studie- en dienswerk in die Kerk besig hou, is almal aan die Kommissie verbind en deur middel van die Kommissie kom hulle werk by die Algemene Kerkvergadering uit en vandaar werk dit deur na die kerkrade en gemeentes. Langs die struktuur van die vergaderings van die ampte – Kerkraad, Ring en sy Kommissie, Algemene Kerkvergadering en sy Kommissie – vind ons dus óók die struktuur: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering met sy Moderamen, en dan die vyftig studie- en dienswerkrade saamgevat in ses werkgroepe. Nie één van die vyftig studie- en dienswerkrade kan, in beginsel, sonder die goedkeuring en medewete van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering optree nie. Met ander woorde hierdie rade is meestal *adviserende rade* wat géén eie of inherente gesag het nie, behalwe in so ver as wat hulle adviese gedra word deur die uitleg en toepassing van die Woord van God èn die kerklike orde.

Dit kan hier beklemtoon word dat hierdie Rade in meer as een opsig belangrike studie- en dienswerk in die Kerk en ten behoewe

van die Kerk doen. Sonder dié rade sal 'n reeks van kerklike werksaamhede net nie moontlik wees nie.

Tog is dit ook waar dat hierdie struktuur van studie- en dienswerkrade in sommige opsigte juis die dienswerk wat deur die vergaderings van die ampte gedoen moet word, oorneem. Die vraag ontstaan of 'n groot deel van dié arbeid nie juis deur die Ringsvergaderinge kan en moet hanteer word nie, wat ook sou meebring dat die betrokkenheid van die kerkraadsvergaderings by dié studie- en dienswerk verhoog kan word. Soos dié Rade tans funksioneer skep dit 'n voortgaande dialoog tussen die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering èn die Rade en Werkgroepe sonder dat die inhoud èn omvang van dié gesprek werklik tot die kennis van die verskillende ander vergaderings van die amp kom.

Oor die noodsaaklikheid of dié studie- en dienswerk in die kerk verrig moet word, kan daar weinig twyfel bestaan. Die huidige struktuur lewer inderdaad goeie resultate wat 'n positiewe bydrae lewer "dat die ware godsdiens onderhou word en die ware leer oral versprei word."

## 8. SAMEVATTENDE OPMERKINGS

Na hierdie uiteensetting sal dit wel duidelik wees dat die vraag na die gesag, funksie en handelinge van die meerdere vergaderings in ons Kerk nie so maklik beantwoordbaar is nie. Dit is duidelik dat verskillende gedagterigtings oor hierdie saak in ons Kerk bestaan en dat ook in die Kerkwet en Bepalings hieroor botsende uitsprake bestaan. Dit hang waarskynlik ook saam met 'n algemene neiging wat daar in ons Kerk bestaan om so veel as moontlik die verantwoordelikheid om beslissings te neem en daardie beslissings te verantwoord, af te skuif na een of ander vergadering van die ampte – liefs die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. So het dit dan gebeur dat ons kerkraadsvergaderings nié meer verantwoordelike en selfstandige vergaderings is wat in die lig van God se Woord, met inagneming van die belydenis van die kerk en in die ruimte van die kerklike orde, besluite wil neem nie.

Geleidelik het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en miskien nog meer presies, die Moderamen van dié Kommissie ontwikkel as die enigste kerklike liggaam wat met gesag optree – maar dan nié primêr die Christokraties-Pneumatiese gesag nie maar 'n statutêr-juridiese gesag wat kragtens Wet en Bepalings bestaan. Dit is dan ook opvallend dat in die algemene spraakgebruik van ons Kerk, daar willekeurig na die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en sý rade en werkgroepe as "die kerk" verwys word. In die lig van Bep 14.1.a is dit dan ook nie vreemd dat die Kommissie of

sy Moderamen as 'n verskyningsvorm van die kerk geïdentifiseer word nie. Dit is 'n vraag of die gesag van die enigste gesagsdraer in die kerk, naamlik Jesus Christus, die Hoof en Heer van die kerk, nie belemmer word deur die gemeenskaplike gesaghebbende "episkopaat" van die Moderamen nie. Dié vraag is moeilik om te beantwoord want dit bly waar dat die Kommissie én sy Moderamen nié doelbewus tussen Jesus Christus en sy gemeente wil staan nie. Tog is dit ook so dat in ons Kerk baie min *gedoen word* om die direkte Christus-regering in gemeente en kerk te verwesenlik en om die verantwoordelikheid wat elke ampsdraer en elke vergadering van die ampte in sy ressort vir die goeie regering van die kerk dra, te bevorder en uit te bou. Miskien hang dit ook saam met die feit dat daar in die kerk én by die ampsdraers weinig indien enige belangstelling bestaan vir die ekklesiologie en die kerklike ordereëls wat daaruit voortvloei.

Die groot vraag bly of met die bestaande orde in ons Kerk ons nog binne die ruimte is van die Nederlandse Geloofsbelydenis, art 32 wat stel:

> "Ons glo intussen dat die regeerders van die kerk, al is dit nuttig en goed om onder mekaar 'n bepaalde orde tot instandhouding van die liggaam van die kerk in te stel en te handhaaf, tog noukeurig moet oppas om nie af te wyk van wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie."

Hoewel dit miskien moontlik is om uit die Pastorale Briewe en veral I Timoteus 'n meer episkopaalse kerklike orde af te lees, bly dit waar dat ons in beginsel nog staan op *die presbiteriale struktuur van kerklike leiding* en dat dít dus die toetsteen moet wees. Dit beteken nie dat ons moet terugkeer na 'n 16de of 17de eeuse model nie, want die Gereformeerde Kerken in Nederland het effektief gedemonstreer hoe gewetensbinding èn kettery in daardie struktuur gehuisves kan word. Veel belangriker is dat ons andermaal sal gaan kyk na die grondliggende beginsels en onsself afvra of ons kerklike orde inderdaad die heerskappy van Jesus Christus tot sy reg laat kom en volle geldigheid daaraan gee dat sy Woord alléén gesag in die kerk het.

In hierdie verband is dit miskien tog van belang om kennis te neem van 'n besluit van 5 Junie 1971 van die Moderamen van die Reformierten Bund binne die EKD. Daar is gestel:

> *"Abgrenzung gegen das Verwechseln von presbyterial-synodaler Ordnung mit Demokratisierung der Kirche.*
>
> 1. In der Demokratie geht alle Gewalt vom Volke aus. In dem Volke Gottes geht alle Gewalt von Gott aus, der sich in Jesus Christus bekannt gemacht hat und noch bekannt macht.

2. Allerdings sollten die EKD und ihre Gliedkirchen vorbildlich sein in der Uebung freiheitlich demokratischer Formen (z.B. Information der Gemeindeglieder, Aufnahme von Anregungen der Gemeinden, Offenlegung der kirchlichen Haushalte, Kontrolle der Kirchenleitungen durch synodale Organe, plangerechte Vorbereitung der Synodalthemen, usw.)
3. Um die Kirche nicht fahrlässig ungeistlichen Mehrheitsbeschlüssen auszuliefern, sollte für alle Synodalerklärungen (einschliesslich Denkschriften) folgende Kriterien gelten:
   (a) Die Begründung in der Heiligen Schrift, die Kontinuität mit dem Bekenntnis der Väter und der Ruf des dreieinigen Gottes in die heutige Situation sollten erkennbar und eindeutig ausgesprochen sein.
   (b) Die Synodalbeschlüsse sollten nach Mögligkeit einmütig gefasst werden.
   (c) Bei nicht einmütigen Beschlüssen sollten das Abstimmungsergebnis und das Votum der Minderheit bekanntgegeben werden.

   Die genannten Kriterien dienen dazu, eine geistliche Beurteilung der Synodalbeschlüsse zu ermöglichen."

Dit wil nie sê dat so alle "probleme" opgelos sal word nie maar dit wys wel dat ook elders besef word dat in die kerk die nodige gedoen moet word om 'n gevaarlike demokratisering en misverstand ten opsigte van die kerklike orde te verhoed. Die gevaar bly bestaan en is ook wesenlik dat vanweë administratiewe gemak en menslike luiheid die kerklike orde skeefgetrek kan word op so 'n manier dat die ware Christusregering en die enige gesag van sy Woord belemmer word. Die gevaar is wesenlik in ons Kerk omdat die kontinuïteit van kerklike werksaamhede in vele opsigte verbind word aan die handhawing van bepaalde persone in belangrike funksies in die kerk. Dit bring op sy beurt vanselfsprekend mee dat bepáálde ampsdraers in die kerk na vore gestoot word om leiding te gee en ánder doelbewus op die agtergrond gestel word. Dit wil soms voorkom dat op die vergaderings van die ampte die aanvaarbaarheid van 'n argument of 'n voorstel nié bepaal word deur die kwaliteit daarvan nie maar deur *die aanvaarbaarheid van die persoon* wat die argument stel. Met ander woorde, juis die geleidelike verskuiwing van die gesagsopvatting in die rigting van 'n administratief-statutêre gesag wat aan 'n *liggaam* verbind is, ondergrawe die gesag van die Woord van God, die belydenisskrif en die kerklike orde, wat daaruit afgelei is. Die "gesagskrisis" wat só ontstaan, is nie inherent in ons kerklike orde nie, maar is inherent aan die sondaar-mens wat in alle vroomheid tog voortdurend trag om onder "die juk van Christus", die volstrekte gehoor-

saamheid aan sy Woord, uit te kom en sèlf te regeer. Die klassieke voorbeeld daarvan is enersyds die verwording van die Roomse Kerk wat geëindig het met 'n onfeilbare *vicarius Christi* as sigbare hoof van die kerk. Andersyds is dit ook ons eíe kerkregtelike ontwikkeling waar 'n poging aangewend is om die 19de eeuse parlementaristiese demokrasie in die kerk, terug te bring met die aanvaarding van die 1951-Kerkwet. Die indruk bestaan egter dat Christologies-ekklesiologiese argumente wat vir die 1951-Kerkwet aanleiding gegee het, nié werklik aanvaarde en deurleefde argumente in ons kerk was of geword het nie. Die vraag bestaan inderdaad of ons die kerk verstaan in die dinamiese sin as 'n *creature Verbi* wat voortdurend afhanklik is van die genade en ontferming van die drieënige God. Ons noem onsself *hervormd*, maar is ons werklik, óók wat die kerklike orde betref, *ecclesia reformata, semper reformanda Verbo Dei?*

Die vraag kom dus na vore, ook en juis in óns kerk: lê die finale gesag by Jesus Christus die Hoof en Heer van die kerk, lê die hoogste, middellike gesag by die geroepe ampsdraers (Ef 4:11–12) wat ter wille van die regering van die kerk in 'n vergadering byeenkom waar die Woord van God, die begin en einde van die besluite is, òf lê die gesag in die hande van geïnstitueerde *vergaderings* en *liggame*, in die hande van *dié mense* wat deur populêre stemming in leidinggewende funksies ingestem en daar voortdurend gehandhaaf word?

Uiteindelik is dit nié 'n vraag wat nét uitgemaak kan word deur na die struktuur alléén te kyk nie. Dit is en bly 'n vraag na geloof in en gehoorsaamheid aan Jesus Christus, die Hoof van die kerk. Maar dit beteken nie dat die struktuur volkome onbelangrik is nie want die struktuur kán 'n misverstand òf 'n verkeerde koers bestendig. Nog steeds bly die presbiteriaal-sinodale struktuur die beste kerkordelike struktuur om die gehoorsaamheid aan Jesus Christus, die Hoof van die kerk, tot uitdrukking te bring. Maar dan kan dit alléén tot ons voordeel wees as ons voortdurend òns kerklike struktuur en óns verwerkliking van die presbiteriaal-sinodale struktuur onderwerp aan kritiese besinning èn beoordeling vanuit die Woord èn die belydenisskrifte èn die kerkordelike tradisie.

Tot slot kan ons stel dat die toetssteen van die kerklike orde netjies geformuleer word in die Nederlandse Geloofsbelydenis, art 32:

> "En daarom verwerp ons alle menslike uitdinksels en alle wette wat mense sou wil invoer om God te dien en om, op watter manier ook al, die gewetens daardeur te bind en te dwing. *Ons neem derhalwe slegs dit aan wat kan dien om eendrag en eenheid te bevorder en te bewaar, en ons onderhou alles in gehoorsaamheid aan God."*

As dit in ag geneem word, kan gesê word dat *die basis* waarop die kerklike gesag in ons Kerk na vore kom, té vertikaal en té veel van bo na onder is. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering èn sy Moderamen neem struktureel gesproke, 'n veels te swaarwigtige posisie in veral vanweë die beperkte getalle daar van verteenwoordigers van die ampte. Daar bestaan 'n moontlikheid dat met die voorgestelde verkleining van die Algemene Kerkvergadering die presbiteriaal-sinodale struktuur van ons Kerk sterker na vore sal kom. Miskien moet 'n oordeel oor ons Kerk se struktuur dan ook voorlopig opgeskort word totdat aan dié aangeleentheid aandag gegee is.

Aantekeninge

1. SP Engelbrecht, Die Hervormer, Mrt 1924; sien ook sy ander werke oa sy *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*. Pretoria 1953. ea.
2. Vgl in hierdie verband Fil 2:9–11, Mt 28:18–20; ea.
3. Vgl Matteus 23:8–12; Matteus 20:25.28 ea.
4. Die Heilige Gees en die Woord van God is dié middele waardeur Jesus Christus sy uitverkore gemeente (kerk) versamel, bewaar en onderhou (vgl *Heidelbergse Kategismus*, Vraag en antwoord 54; *Nederlandse Geloofsbelydenis*, art 27).
5. In dié sin is die kerk ecclesia reformata semper reformanda Verbo Dei. Dit is nogal opvallend hoe dikwels hierdie frase sonder die bepalende *Verbo Dei* aangehaal word!
6. Vgl in hierdie verband die *Tweede Switserse Geloofsbelydenis*, 1566, 1:4: Prionde cum hodie hoc Dei verbum per praedicatores legitime vocatos annunciatur in Ecclesià, credimus ipsum Dei verbum annunciari et a fidelibus recipi, neque aliud Dei verbum vel fingendum, vel coelitus esse exspectandum ...
7. Matteus 18:20 & Efesiers 1:20 vg. Vgl ook die *Franse Geloofsbelydenis* van 1559, art 25 (my vertaling): Nou dat ons Jesus Christus alléén deur die evangelie in vreugde kan ontvang (jovissons) (verwys na Romeine 1:16 vg, Romeine 10:17 vgl) glo ons dat die orde van die kerk wat deur sy gesag daargestel is, *heilig en onaantasbaar* (sacré et inviolable) moet wees ...
8. Vgl in hierdie verband die *Nederlandse Geloofsbelydenis* 1561, art 29, die *Skotse Geloofsbelydenis* 1560 art 18: Last Ecclesiastical discipline uprightlie ministred, as Goddis Worde prescribes, whereby vice is repressed, and vertew nurished en die *Franse Geloofsbelydenis* 1559, art 29. Die *Tweede Switserse Geloofsbelydenis*, 1566, 17.
9. Vgl *Nederlandse Geloofsbelydenis*, art 28: Daarom moet hulle hulle as lede van een en dieselfde liggaam, almal saam aan sy leer en tug onderwerp, *die nek onder die juk van Jesus Christus buig* ...
10. Vgl hier die *Heidelbergse Kategismus* en die hele uitleg van die sleutelmag soos dit gegee word in Vrae en Antwoorde 83–85.
Dit is natuurlik één van die groot probleme van die kerklike orde dat die gesag voortdurend misverstaan word in die rigting van 'n statiese en juridiese gesag wat deur mense en vergaderings as vanselfsprekend hanteer word.
11. Die *Tweede Switserse Geloofsbelydenis*, 1566, 17:6: Caput est quod in corpore eminentiam habet, unde corpus vitam haurit cuius spiritu regitur in omnibus, unde et incrementa et, ut crescat, habet ... *Ergo Ecclesia non potest ullum aliud habere caput, quam Christum*. Vgl ook *Nederlandse Geloofsbelydenis*, art 27.
12. Vgl die *Tweede Switserse Geloofsbelydenis*, 18 enook die *Fanse Geloofsbelydenis*, art 25, *Nederlandse Geloofsbelydenis*, art 31.
Vgl Efesiërs 4:11–12; I Korintiërs 12; Romeine 12. Brief aan die Filippense. Vgl in hierdie verband die *Ordonnances Ecclésiastiques* van Genève, 1561, die *Discipline Ecclésiastique* van 1559, en die Emdense kerkorde van 1571 waar voorsiening

gemaak word vir die vergaderings van die Kerkraad, Klassis, Provinsiale sinode en Nasionale sinode. Dit is opvallend dat die Calvinistiese Belydenisskrifte nié die begrip van die outonomie van die plaaslike gemeente/kerk na vore bring nie. Dit is ook verstaanbaar as in gedagte gehou word dat dit eers in die Doleansiekerkreg van die laat 19de eeu in Nederland na vore kom as 'n argument in Kuyper se stryd teen die sinodale struktuur van die Nederlandse kerk. Dit is opvallend dat die begrip *kerk* sowel vir die plaaslike gemeente as die algemene (= katolieke) *kerk* gebruik word (vgl die Kategismus van Genève, Vraag en Antwoord 97 vg) maar dit beteken nooit outonome plaaslike gemeentes/kerke nie omdat terselfdertyd die eenheid sterk beklemtoon word wat as 'n gegewene beskou word en nie iets wat nog gerealiseer moet word nie. (Vgl *Nederlandse Geloofsbelydenis,* art 32 waar daar sprake is van die "instandhouding van die liggaam van die kerk." Dit is nié 'n verwysing na die plaaslike gemeente alléén nie).

15. Vgl in hierdie verband JL Ainslie, *The Doctrines of Ministerial Order in the Reformed Churches of the 16th and 17th Centuries,* Edinburgh 1940, p 234: But it was not a single congregation in its independence and isolation which would elect and authorise a minister. There were always to be some others who would take part representing the Church as a whole ... it would always be so at the solemn setting apart or ordination, when the candidate for the Ministry would be formally commissioned by delegated authorities, Colloguies, Presbyteries, Classes, Synods, Assemblies, Commissions, Commissioners, or even Superintendents, all such standing for the Church as a whole ...

    Men were made Ministers with respect to the whole Church and not merely with respect to a single independent congregation. The Ministry was what belonged to the Church as a whole, and so none could be rightly commissioned to it except by the whole Church through its lawful authorities ...

    The Reformed Church doctrine of the Ministry was that it was a Ministry of the whole Church.
16. *Nederlandse Geloofsbelydenis,* art 32.
17. Acta van die *Konvent van Wezel,* art 11.
18. Hier moet ons daarvoor oppas om nie die begrip *gewete* te verstaan volgens die definisie van die Verligting van die 18de en 19de eeu nie of selfs soos die woord vandag, in daardie voetspoor verstaan word nie. Die reformatoriese begrip gewete verteenwoordig 'n ànder opvatting. Vgl in hierdie verband T Maruyama, *The Ecclesiology of Theodore Beza,* Genève 1978, p 223: Calvin defines conscience as "an awareness of divine judgment adjoined to them (men) as a witness which does not let them hide their sins but araigns them as guilty before the judgment seat". ... wat Beza betref, word gestel: Accordingly, conscience is directly related as much to Christ who is "the sole legislator of our consciences and the head of his Church as to God the Father ... In the Kingdom of Christ, therefore, its head, Christ, alone has the power and authority over a believers's conscience".

18a. Die Skotse Geloofsbelydenis, art 20 stel:

    Nor that we think that any policie and an ordour in ceremonies can be appoynted for al ages, times and places: For as ceremonies, sik as men have devised, are bot temporal; so may and aucht they to be changed, when they rather foster superstition then that they edifie the Kirk using the same.
19. Dit hang weer saam met die riglyn wat getrek word deur die *Franse Geloofsbelydenis,* art 25.
20. Vgl ook die Tweede Switserse Geloofsbelydenis, 18.1: God het altyd sy dienskneqte gebruik om sy kerk te versamel en op te bou en om die kerk te regeer en te bewaar, en Hy doen dit nog steeds en sal hulle ook altyd gebruik solank die kerk op aarde is.
21. *Nederlandse Geloofsbelydenis,* art 31. Dit word nog skerper geformuleer in die *Franse Geloofsbelydenis,* art 30 en die *Tweede Switserse Geloofsbelydenis,* 18.16. Dit dan veral met 'n beroep op Lukas 22:26.

    Dit word kerkordelik vasgelê in die Franse *Discipline Ecclé siastique* van 1559 en by Emden 1571, art 1.

    Dié beginsel word in ons art VI verantwoord.

22. J Koopmans, *De Nederlandsche Geloofsbelijdenis*, Amsterdam 1939, bl 205: Artikel 31 van onze Confessie spreekt alleen van de gelijkheid in autoriteit van de dienaren des Woords, dus van de predikanten onderling. Maar principieel is er geen enkele gradatie in de ambten.
23. Vgl in hierdie verband die behartenswaardige opmerkings van B Spoelstra, *Calvyn se Kerkreg en Invloed op kerke in Suid-Afrika*, referaat gelewer by die Calvynkongres, Pretoria 1980.
24. *Nederlandse Geloofsbelydenis*, art 30.
25. In die voor-1951-Kerkwette van ons Kerk, waar 'n parlementaristies-demokratiese opvatting oor die struktuur van die kerk 'n sterk rol speel, word die meerdere vergaderings inderdaad as hoër vergaderings voorgestel. Vgl in hierdie verband SP Engelbrecht, *De Algemene Kerk en de Plaatselike Gemeente*, artikel in *De Hervormer*, 15 Maart 1924, bl vii: Men is dus de Algemeene Kerkvergadering meer gehoorzaamheid verschuldigd dan aan de plaaslike kerkraad. Een vergelijking kan gemaakt worden met de staat. Daar heeft men municipaliteiten, de provinciale raden en het parlement. Nu is het onnodig om te zeggen dat het dwaasheid zou zijn om te beweren dat de municipaliteiten de gehoorzaamheid aan het Parlement zou kunnen opzeggen en zich van de Staat zou kunnen afscheiden. Net zo min als de municipaliteit het doen kan, net zo min kan de kerkeraad (de municipaliteit van de Gemeente) zich afscheiden van de Algemene Kerk en de Algemene Kerkvergadering (het Parlement van de kerk).
26. Die 1862-Kerkwet het nog bepaal dat die Algemene Kerkvegadering gevorm word deur alle predikante "benevens alle dienstdoende ouderlingen en een diaken uit elke Gemeente, door den kerkeraad te benoemen." In 1863 is dit egter al gewysig na "de helft der dienstdoende ouderlingen". In 1869 word die getal diakens na twee vermeerder. Daarvandaan is die getalle van die Kerkraadslede wat na 'n Algemene Kerkvergadering sal gaan, geleidelik verminder totdat daar nou-se-dae slegs één lid van 'n kerkraad, ouderling of diaken, ter vergadering kom (Bep 10).
27. Dit is vanweë hierdie reëling èn die feit dat die diaken lid van die kerkraad was, dat die diaken *deur gewoonte* sittingsreg op die meerdere vergaderings van die kerk gekry het, ondanks die feit dat die diaken, kragtens die Bevestigingsformulier, géén regeeropdrag het nie.
28. Vgl C Hooijer, *Kerkelijke Wetten voor de Hervormden in het Koningrijk der Nederlanden*, Zaltbommel 1846, bl 39. Ten opsigte van die Ringe word daar bepaal: Hunne werkzaamheden bestaan in de overweging en behandeling van onderwerpen der Godsdienst, en den bloei des Christendoms, de bevordering van bijbelkennis, en de waarneming van hunne bedieningen betreftende.
29. SJ Botha, *Ds Marie Joseph Goddefroy, 1848–1920. Sy Lewe en Betekenis*, DD-proefskrif UP 1979, bl 283 vg.
30. Die NGB, art 30 stel: En daarom verwerp ons alle menslike uitdinksels en alle wette wat mense sou wil invoer om God te dien en om, op watter manier ook al, die gewetens daardeur te bind en te dwing.
31. Daar kan slegs gestel word dat die kerke in Nederland nog volgens die 17de eeuse kerklike ordes gestruktureer was toe die *Evangelische Gezangen* deur die verskillende Provinsiale Sinodes ingevoer is as 'n bestanddeel van en vir die godsdiensoefening.
In die tweede plek is dit duidelik dat die Gereformeerde Kerken in Nederland, ondanks 'n kerklike orde wat bepaal word deur die Dordtse Kerkorde van 1619, tog bereid is om afwykende en ketterse leeruitsprake van teologiese professore aan die VU van Amsterdam, te aanvaar en te akkommodeer. Die struktuur kan nié die regsinnigheid van die mènse in die struktuur waarborg nie.
32. Een van die bekende gevalle waar ons Kerk se Algemene Kerkvergadering 'n besluit geneem het wat buite sy bevoegdheid geval het, was in 1885 toe die Algemene Kerkvergadering besluit het dat ons Kerk met die Nederduitsche Gereformeerde Kerk in de ZAR sal verenig. Die Hooggeregshof het in 1893 in die sg Trichardtsfonteinsaak, dié besluit as *ultra vires* en daarom nietig verklaar.